

18.4 BESKRYWINGSPUNT STREEKSINODE VRYSTAAT EN KWAZULU-NATAL OOR 'N DOKUMENTÊRE FILM OOR DIE KERKGESKIEDENIS (Art 190)

- A. Ds AH Stavast stel die Beskrywingspunt.
- B. Die Beskrywingspunt word staande die Sinode afgehandel.

C. BESKRYWINGSPUNT

1. Beskrywingspunt

Die Algemene Sinode van 2015 word versoek word om aandag te gee aan 'n *Hoë Definisie film-opname* van die kerkgeskiedenis. Die titel kan iets wees soos: *Die oorsprong van die Gereformeerde Kerke. 'n Dokumentêr.*

Verduideliking

Sommige van die temas van prof VE d'Assonville se *Kerkgeskiedenis in dertig lesse* of prof PJ de Bruyn se *Gesonde Leer* kan in so 'n dokumentêr opgeneem word. Ook die temas wat in *Ken en Vertrou Standaard 9 Kerkgeskiedenis* (1990, Prof Jan van der Walt) opgeneem is. Die samestellers moet in ag neem dat die dokumentêr kindervriendelik moet wees. Die gedagte is dat 'n 15 minuut-insetsel Sondag vir Sondag vir die kinders gespeel moet word. Dit moet van dieselfde formaat en kwaliteit wees as byvoorbeeld die TV-program "*Viertrek. Op die spore van die Groot Trek*", wat in Julie 2014 op KykNet te siene was. Die formaat van Arso/Aros se DVD's ten opsigte van die Bybelse Geskiedenis is te streng formeel en trek nie die kind nie. Die Deputate Historiese Sake behoort die leiding te neem. Hierby word spesifiek gevra dat geld geraam word. Donateurs kan ook gevra word. Daar moet so gou moontlik binne die volgende drie jaar met hierdie projek begin word.

2. Motivering

Daar is 'n behoefte aan 'n sigbare en hoorbare aanbieding van die kerkgeskiedenis. Byvoorbeeld: wie is Calvyn, Luther, Zwingli en Knox? Waar kom die Gereformeerde Kerke vandaan? Hoe lyk Jan van Riebeeck se gebed? Watter leesstof het die Veeboere gelees? Die Hugenote. Ds Dirk Postma en ds Johannes Beijer was die eerste twee predikante. Die kind moet hom/haar met byvoorbeeld die Geuse kan vereenselwig. Bartholomeüs-nag. Die ontstaan van die verskillende Belydenisskrifte moet aktueel vir die kind gemaak word.

Besluit: Dat aan die Beskrywingspunt nie gevolg gegee word nie.